

Gereformeerde Kerk Bellville – 13 Augustus 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 110:1, 2 (p. 550)

- 1 Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het: / "Sit aan my regterhand as hoogste HEER, tot Ek u vyand in sy mag gebreek het, / hom werp as voetbank voor u voete neer.
- 2 "Aan U, so hoog in heerlijkheid verhewe, / gee Ek uit Sion, waar U sit ten troon, die heerserstaf oor wie u mag weerstrew. / Sprei voor hul oog u heerskappy ten toon!"

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 98:1, 3 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan; sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan. Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld; geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank; laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklank! Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER; die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Gebed

Skrifberyming 7-1:1, 3 (Sb 31)

- 1 Toe sien ek teen die bloue vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig, want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig. Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte oorwinning. Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.
- 3 Hy sal nou met 'n ysterstaf / sy vonnis oor hul, streng en straf, / met oordeelsdaad bekragtig. Hy trap die parskuip met sy voet, / en bring oor hul in volle gloed / die toorn van God almagtig. En op sy kleed met bloed geverf, / en op sy heup wat heil verwerf, / staan daar 'n Naam der ere: dié oorlog het die pleit beslis / dat Hy die "Hoogste Koning" is, / die "Heer van alle here"!

Skriflesing: Efesiërs 1:15-23; Heidelbergse Kategismus, Sondag 19:50-51

Kernvers: Efesiërs 1:20-23

[Die werking van die krag van sy sterkte] wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul. (Efesiërs 1:20-23 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan die regterhand van God?

Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b).

(a) Efes 1:20-23; Kol 1:18. (b) Matt 28:18; Joh 5:22.

Vraag 51: Watter nut bring hierdie heerlijkheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort (a). Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar (b).

(a) Hand 2:33; Efes 4:8. (b) Ps 2:9; 110:1, 2; Joh 10:28; Efes 4:8.

Tema: Die verhoogde Christus heers as ewige Koning en Hoof van sy kerk

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, voordat ons vanaand verder luister na die gesprek tussen die vraagsteller en die gelowige, moet ons onself net eers weer vergewis waar ons tans in ons Kategismus trek. Wat die groot indeling van die Kategismus betref – naamlik kennis van ons sonde en ellende, kennis van ons verlossing en kennis van ons dankbaarheid vir die verlossing – bevind ons onself nou in die tweede deel – kennis oor die verlossing van die mens uit sy ellende waarin hy ontvang en gebore word.

Die grootste deel van die Kategismus wat handel oor die verlossing van die mens word bestee aan die verklaring van die Twaalf Artikels. En die grootste deel van die Twaalf Artikels word afgestaan aan die gelowige se belydenis van wie Jesus Christus is en watter werk Hy in sy vernedering en verhoging doen. Die werk wat die Seun van God in sy vernedering gedoen het, is sy menswording, sy lyding, kruisiging, dood en begrafnis. Oor hierdie sake is daar gesprek gevoer vanaf Sondag 14 tot 16. Die werk wat Christus in sy verheerliking doen, was sy opstanding en hemelvaart, is tans sy regering aan die regterhand van God en sy wederkoms waarna die kerk met verlange uitsien. Die opstanding van Jesus was 'n gesprek aan die hand van Sondag 17.

Oor die hemelvaart van Jesus het die gelowige en die vraagsteller reeds drie gesprekke gehad aan die hand van Sondag 18. Die gelowige het aan die vraagsteller die feite aangaande Christus se hemelvaart verkondig sodat hy van sy verwronge idees daarvoor kon ontslae raak. Die vraagsteller het ook uitgevra oor die voordeel wat die gelowige kry uit die hemelvaart van Christus – as u reg onthou was dit verlede Sondagaand se gesprek.

Toe die gelowige nog aan die vraagsteller vertel het wie Jesus Christus is, was daar 'n vraag oor hoekom Jesus *Christus* genoem word. In daardie gesprek by Sondag 12 het die gelowige aan die vraagsteller verduidelik van die drievoudige amp van Christus. Hy is die hoogste Profeet en Leraar, die enigste Hoëpriester en ewige Koning van die gelowige. Wanneer 'n mens nou antwoord 31 en 49 langs mekaar hou, sal jy iets interessants opmerk. Toe die gelowige aan die vraagsteller vertel het van die voordele van Jesus se hemelvaart het hy weer aan Jesus se hoëpriesterlike en profetiese werk geraak. As Hoëpriester bid Jesus voortdurend vir die gelowiges. En as Profeet herinner Jesus die gelowiges deur sy Gees aan sy werk, woorde en aan Homself.

As die Christus is Jesus nog steeds ook die Koning van die gelowiges. In die gesprek aan die hand van Sondag 19 gaan die gelowige nou vertel hoe Jesus Koning is vir die gelowiges terwyl Hy in die hemel by sy Vader is. Die vraagsteller kom in sy gesprek terug na die woorde van die Twaalf Artikels. Hy weet en verstaan nou dat Jesus na die hemel opgevaar het en dat Hy nou by die Vader in die hemel is. Vir hom voel dit asof dit genoeg was om dit te sê, maar in die Twaalf Artikels bely die gelowige ook nog dat Jesus aan die regterhand van God sit. Omdat hierdie woorde ietwat oorbodig klink vir die vraagsteller, vra hy: **Waarom word daar bygevoeg: en sit aan die regterhand van God?**

Broers, susters en kinders, let op hoe die gelowige hierdie vraag antwoord. **Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk kan betoon, deur wie die Vader alles regeer.** Dit gaan dus oor die regeringswerk wat Jesus

as Koning vanuit die hemel doen. Maar as Koning doen Jesus meer as net regeer. Hy beskerm en versorg ook sy gelowiges. Die gelowige gaan vanuit die gebed wat Paulus vir die Efesiërs gebid het, hierdie koninklike werk van Jesus in sy verhoging belig.

In die gebed vra Paulus drie dinge by die Here vir die Christene in Efese. Heel eerste vra hy dat die Here hulle geestesoë so sal verhelder dat hulle kan weet watter hoop sy roeping inhou (vers 18). Met *roeping* bedoel Paulus: toe die Here hierdie mense deur sy Gees en met sy Woord uit die duisternis en doodsheid van die sonde geroep het. Wanneer God mense na Hom toe roep, skep Hy 'n verwagting by mense.

God roep mense om aan Jesus Christus te behoort en in gemeenskap met Hom te lewe. Wanneer God mense na Christus toe roep, wek Hy die verwagting in die mens op dat hy deur die geloof in Jesus Christus van sy sonde verlos sal word. Hy wek ook die verwagting dat die mens in 'n nuwe lewe met God sal lewe omdat God hom sal aanneem as sy kind op grond van Christus se volmaakte verlossingswerk.

In hierdie nuwe lewe leer 'n mens Christus ken, liefkry, gehoorsaam en dien. Jy geniet dan 'n verhouding met Hom en 'n verhouding met ander gelowiges. En hoe meer Christus en sy Vader aan die gelowige bekend word, hoe meer word die volmaakte lewe van vrede by God 'n werklikheid vir die gelowige. Hoop is dus 'n vaste sekerheid oor wat in die toekoms gaan gebeur op grond van die roeping van God in die verlede.

Tweedens vra Paulus dat die Here hulle geestesoë so sal verhelder dat hulle sal weet watter rykdom daar in die erfenis is wat Hy vir die gelowiges bestem het. Die erfenis wat Christus deur sy dood aan die kruis vir die gelowiges verwerf het, is om volledige vergifnis van sondes te ontvang, om vir ewig kinders van God te wees en om dan vir ewig saam met die Vader en Christus op die nuwe aarde te lewe om God te loof en te prys.

Tans gebeur dit nog dat gelowiges voel hulle is maar 'n klein groepie mense wat die Here dien. Baie maal veroorsaak hierdie klein getalle dat gelowiges skugter en teruggetrokke optree in die wêreld. En hierdie gevoel dat hulle so min en so 'n onbeduidende groepie mense is, maak dat hulle óf heeltemal onttrek, soos wat Elia wou doen, óf hulle verbintenis met die Here vergeet en deel word van die wêreld se manier van doen.

Die rykdom van die erfenis wat die Here vir sy gelowiges bestem, is nie iets wat elke gelowige maar privaat sal geniet nie. In die boek Openbaring gee die Here vir ons 'n kykie op die rykdom van die erfenis. Daar sal 'n ontelbare hoeveelheid mense wees wat hulle klere in die bloed van Christus gewas het. Dit sal mense uit elke volk, taal, stam en nasie wees. En almal van hulle sal in volmaakte vrede en eensgesindheid die Here loof en prys.

Derdens vra Paulus die Here dat Hy die Efesiërs se geestesoë so sal verhelder dat hulle sal weet watter groot krag Hy in hulle uitoefen wat glo. In ons kernverse hoor ons watter groot krag God in gelowiges uitoefen wat glo. Dit is dieselfde krag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het en Hom opgehef het tot in die hemel om aan sy regterhand te sit.

Met die wete van die groot krag wat God uitoefen in die gelowiges, word hulle verseker dat God – wat hulle in die verlede geroep het en 'n erfenis vir hulle in die toekoms bestem het – hulle nooit in die steek sal laat nie. Hy werk 'n ongekende krag in hulle sodat hulle nou in die geloof kan volhard.

Wanneer die Heilige Gees sê dat Jesus aan die regterhand van God sit, beklemtoon Hy

drie dinge: Hy beklemtoon Christus se heerlikheid, sy gesag en die feit dat Christus sy offerwerk op aarde volmaak afgehandel het.

- Hy beklemtoon die heerlikheid van Christus. Om aan die regterhand van iemand te mag wees, is die grootste uiterlike eerbetoning wat aan iemand bewys kan word. Die Vader het sy Seun verheerlik deur aan Hom die ereposisie aan sy regterhand te gee. Daarmee sê die Vader dat sy Seun deelneem aan sy regering van die ganse skepping. In Openbaring 5 lees ons dat net Christus as die Lam wat geslag is waardig is om die sewe seëls van die boekrol met God se raadsbesluite oop te maak. Christus regeer dus oor die hele skepping.
- Hy beklemtoon Christus se gesag. Jesus is as Hoof bo alle dinge aan sy kerk gegee. Daar is geen gesag of mag wat groter is as Christus se gesag nie. Hy is bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy. Aan Christus is absolute heerskappy gegee in die hemel en op aarde. Hy voer dus gesag uit oor goeie en slegte owerhede, magte, kragte en heerskappye. Wat 'n voorreg is dit om te weet dat die Hoof en Koning van die kerk absolute gesag oor alles het. Daarom kan die kerk veilig en geborge wees onder so 'n Hoof. Niks sal die kerk of enige gelowige uit die hand van hierdie magtige Koning kan ruk nie.
- Hy beklemtoon ook dat Christus se offerwerk as Hoëpriester volledig afgehandel is. In die tempel van destyds was daar nie 'n stoel waarop die priester kon sit nie. Hulle het die hele tyd van hulle dienstyl in die tempel gestaan om aanhoudend die offers te bring. Christus het eens en vir altyd geoffer vir die gelowiges. Hy het nie nodig om nog 'n offer te bring nie. Daarom sit Hy aan die regterhand van sy Vader (Heb 10:11-12).

Vir die gelowiges in Efese sou hierdie versekering dat alle magte, en veral die bose magte, onder Jesus Christus se voete onderwerp is 'n groot troos wees. Uit die boek Handelingte weet ons dat baie van die lidmate in Efese voor hulle bekering hulleself met die okkulte besig gehou het. Die okkulte is onder andere towery, astrologie, en die oproep van geeste. Dit is deur en deur duiwels. Die Efesiërs weet baie goed hoe magtig hierdie duiwels is, want sommige van hulle was vroeër dissipels van hierdie bose magte.

Vir die kerk van vandag is die absolute heerskappy van Jesus Christus nog net so 'n groot troos. Daar is geen mag wat die kerk van die Here sal kan oorweldig nie. Soms lyk dit asof 'n gelowige se verhouding met die Here al verder en verder verswak omdat hy toegelaat het dat sy sondige begeertes in hom die botoon voer. Christus sal egter nie toelaat dat daardie een vir wie Hy aan die kruis gesterf het verlore gaan nie. Hy sal kragtig sy heerskappy in daardie gelowige se lewe uitoefen sodat die gelowige self die sondige aard sal afsterf.

Soms gebeur dit maklik vir die gelowige. Maar baie maal is dit 'n groot stryd om 'n uitverkore kind van God uit die mag van die sonde en die duiwel uit te kry. Dikwels los daardie stryd merke in die lewe van so 'n gelowige. Daardie merke is nie littekens nie, maar die merke van Christus se vingers toe Hy sy Vader se kind uit die kloue van die duiwel teruggevat het.

As Koning regeer Jesus. Maar dit is nie al wat Hy doen nie. 'n Koning versorg ook sy onderdane en Hy beskerm hulle. Wanneer die vraagsteller uitvra oor die nut wat Christus se heerskappy as Hoof vir die gelowiges inhou, gee die gelowige die duidelike antwoord: Ten eerste stort Christus deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in sy lede uit. Ten tweede beskerm en bewaar Christus ook die gelowiges teen alle vyande.

Die heel eerste gawe waarmee Christus as Koning sy kerk versorg, is die Heilige Gees. Paulus skryf in die gedeelte vooraf dat die Heilige Gees as waarborg of deposito gegee word van die erfdeel. En as Christus sy Gees aan sy gelowige gee, doen Hy dit nie druppeltjie vir druppeltjie nie. Nee, Hy stort sy Gees uit. Hy oorstroom sy kerk met sy goedheid en genade.

In teenstelling met wat op Pinksterdag gebeur het, lees 'n mens in die Ou Testament van enkele mense aan wie in besonder die Heilige Gees gegee is. Maar op Pinksterdag stort Christus sy Gees uit op al die gelowiges – oues en jonges, mans en vroue, vrymense en slawe. Nie een wat waarlik in Christus glo, kan sê dat die Here hom oorgeslaan het nie. Elke ware gelowige het die dag waarop hy wedergebore is die Heilige Gees ontvang, want die Heilige Gees werk die wedergeboorte en skenk aan hom die geloof in Christus en God die Vader.

Die Heilige Gees is nog maar die eerste gawe waarmee Christus sy kerk versorg. Deur die Heilige Gees gee Christus ook nog diensknegte as gawes aan sy kerk – Hy het aan sommige die gawe gegee om as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars op te tree. Die manne wat in die kerk huisbesoek doen en by die erediens die Woord bedien, is deur Christus vir sy kerk gegee.

Deur die Heilige Gees stort Christus nog gawes in elke gelowige uit – liefde, hoop, geduld, selfbeheersing. Dink maar aan al daardie dinge wat 'n mens nie sommer vanself kan doen en nooit sou regkry as die Here jou nie bekeer het nie, dit alles stort Christus in jou uit.

Geliefdes, die feit dat Christus absolute heerskappy vanuit die hemel aan sy Vader se regterhand uitoefen en die feit dat Hy alle geestelike gawes deur sy Gees in sy lede uitstort, beteken hoegenaamd nog nie dat die kerk in hierdie lewe nie meer stryd sal hê nie. Trouens, ons het vroeër al gehoor van die gelowige wat toelaat dat sy sondige aard die botoon voer in sy lewe.

Die kerk as geheel en elke gelowige afsonderlik het nie net een vyand nie. In die antwoord van die gelowige praat hy van vyande. Daar is drie baie sterk vyande waarteen die kerk en die gelowige aanhoudend stryd moet voer. Hulle is die duiwel self, die wêreld met al sy verleidings en ons eie sondige geaardheid. Hierdie vyande is nie net sterk nie, hulle is ook uitgeslape en agterbaks. Daar is eintlik geen oomblik van die dag of nag dat gelowiges gerus kan raak en dink die vyande het hulle ook nou met rus gelaat nie. Daarom kan die kerk en elke gelowige nie staande bly nie tensy Christus hulle beskerm en versterk met sy Heilige Gees.

Die gelowiges het 'n onuitspreeklike groot troos. Hulle Here Jesus is hulle Verlosser – Hy het met sy kosbare bloed hulle losgekoop uit die mag van die sonde en die duiwel. Die Vader in die hemel is verheerlik deur hierdie gehoorsaamheid van sy Seun. Daarom het Hy Hom ook verheerlik – Hy het Hom uit die dood opgewek en Hom laat sit aan sy regterhand om as die ewige Koning van die kerk te regeer, haar te versorg en te beskerm.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-3:1, 2 (Sb 32)

- 1 Toe het die hoë lug gebeef / en eng'lestem het neergesweef:
"Nou is die koninkryke weer / die eiendom van onse Heer
en van sy Ryksgesalfde wat / die wêreld in sy vuus omvat.
Hy sal – beslis is nou die stryd – / as Koning heers in ewigheid."

2 Toe het die vier- en twintigtal, / die ouderlinge neergeval –
hul wat voor God op trone sit – / en het die hoë God aanbid:
“Ons dank U, onse God en Heer, / U wat oor alles triomfeer,
wat is en was en kom, – u mag, / o Koning, tree nou aan die dag.”

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
13 Augustus 2017